# Hoofstuk van die dag: Jakobus 4

> *Julle moet eerder sê: "As die Here wil, sal ons lewe en sal ons dit of dat doen." (vers 15)*

Dit gaan in vers 13-17 oor mense wat hulle dinge vooruit beplan het tot in die fynste besonderhede. Dit klink nogal

heel modern. Alles in die moderne lewe draai om toekomsbeplanning, om projeksies oor hoe dinge sal verloop vorentoe. Maar Jakobus is glad nie beïndruk met hierdie manne se beplanning nie.
Die rede vir Jakobus se verontwaardiging was nie hulle beplanning as sodanig nie, maar dat hulle beplan het sonder om God in hulle planne te ken. God het nie in hulle lewens 'n rol gespeel het nie, en daarom ook nie in hulle beplanning nie. Dit gaan oor 'n lewe waarin die mens self in die middelpunt staan, sonder om daarmee rekening te hou dat hy nie oor sy eie lewe beskik nie, maar dat dit 'n gawe uit God se hand is.
Dit gaan hier oor die sonde van God uitskakel uit jou lewe. Dit was van Adam en Eva se tyd af ons probleem. Ons dink ons kan sonder God klaarkom. Waaroor Jakobus verontwaardig is, is nie soseer die besluite wat geneem word nie, maar die houding wat daaragter lê – 'n totale ignorering van God.


## Onlangse Bydraes

- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming
- Lot

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026